




# MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd



# AUGUSTUS 2021 NUUSBRIEF



## MOBIELE KLINIEK BESOEK SKOLE OM 'N GESONDE TOEKOMS TE VERSEKER

Die veldtog om skoliere teen siektes soos die menslike papilloomvirus (MPV), sowel as tetanus en differie (TD) in te ent, is pas suksesvol voltooi.

Die mobiele kliniek het in samewerking met die gesondheidsdepartement graad 4 en graad 5 leerlinge by 10 laerskole, sowel as die leerlinge van 'n spesiale skool en kinders by 'n plaaslike kindershuis, teen MPV en TD ingeënt.

Altesaam 407 leerlinge het inentings teen MPV ontvang en 457 leerlinge is teen TD ingeënt. Dit bring die totale aantal inentings wat gedoen is tot 864. Die inentingsveldtog vorm deel van die onderwysdepartement se geïntegreerde gesondheidsbeleid by skole.

Die tweede fase van die gesondheidsprogram, wat op geïntegreerde gesondheid by skole toegespits word, is ook suksesvol geïmplementeer. Gesondheidsdienste is tydens hierdie fase aan die gemeenskap gebied by die ten volle toegeruste mobiele kliniek. Dit het oogtoetse, gehoortoetse, assessering van voedingstatus, primêre opsporingstoetse en gesondheidsopvoeding ingesluit.

Altesaam 700 begunstigdes, wat onderwysers en leerlinge insluit, is tydens die tweede fase van die gesondheidsprogram gekonsulteer. Altesaam 2 816 dienste is gelewer, 237 verwysings is na die gesondheidsdepartement gemaak en 28 leesbrille is verskaf. Die teikenhoeveelheid begunstigdes is met 21% oorskry.



Ons skoolgesondheidsprogram se MPV en TD inenting veldtog is suksesvol voltooi.

## GEBUIK DIÉ SES STAPPE OM JOU HANDE TE WAS

Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.



Gebruik seep



Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers



Vryf die punte van die vingers



Vryf die gewigte



Spoel jou hande onder die kraan af



Droog jou hande deeglik af

**BLY VEILIG**  
#CoronaVirus

[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)

## LOOPBAANVOORLIGTING EN LEIERSKAPSONTWIKKELING VIR DIE JEUG

Bykans 1 500 graad 9 leerlinge het uit die loopbaanvoorgligting en leierskapsontwikkelingsprogram vir die jeug gebaat. Die program is in Mei 2021 as deel van Matla A Bokone Solar se vaardigheidsontwikkelingsinisiatief vir jongmense geïmplementeer.

Die hoofdoel van die program was om leerlinge by te staan met die nodige gereedskap en vaardighede om die regte toekomsbesluite te kan maak en hulle voor te berei vir 'n lewe na skool. Altesaam ses hoërskole in die Frances Baard-distrik, wat deur die onderwysdepartement geïdentifiseer is, is besoek.

Die program is ontwerp om leerlinge by te staan om ingeligte loopbaanbesluite te neem. Dit fokus op persoonlike ontwikkeling en sluit loopbaanvoorgligting en leierskapsontwikkeling in om leerling in staat te stel om hul persoonlike vaardighede en sterkpunte te verstaan en te ontwikkel.

Daar word gekyk na loopbaanmoontlikhede en beplanning. Die program help om leerlinge se interpersoonlike vaardighede en selfvertroue te verbeter, om hulle te motiveer en om leierseienskappe te ontwikkel, sowel as om bewustheid rondom die verskillende beskikbare loopbaanmoontlikhede te skep. Leerlinge word ook geleer hoe om toegang tot loopbaangeleenthede te kry.



## HARTE EN VERSTANDE (WELWILLENDHEIDSINISIATIEF): OUES WARM GEHOU TYDENS WINTERTYD



Terwyl daar voorberei word vir die koudste wintermaande het ons gedink aan die bejaarde inwoners van die gemeenskap.

*"Ons oumense is gewaardeerde lede van ons gemeenskap en van die samelewing."*

Elkeen van die 300 pensioenarisse is verras met 'n sorgpakke vir die winter. Elke pakke het 'n kombes, 'n 500ml-botteltjie handreiner (70% alkohol) en 'n boksie met 50 maskers bevat.

Dié inisiatief vorm deel van beide Matla A Bokone se sosio-ekonomiese ontwikkelingsprogram, sowel as die ekonomiese ontwikkelingsprogram vir plaaslike KMMO's en het dus 'n dubbele impak gemaak.

'Drie van ons grootste ouetehuse en pensioenarisse by verskeie dagsorgsentrums vir bejaardes in Roodepan, Greenpoint, Platfontein en Galeshewe het uit die projek gebaat.'




## 2021 GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwyse staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

## BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPROJEKTE (2DE KWARTAAL)

- Vaardigheidsontwikkeling
- Vroeëkindertwikkeling
- Harte en Verstande
- Ondernemingsontwikkeling
- Skool gesondheid



Matla A Bokone Solar PV Facility  
Riverton, Kimberley, 8301

### Kantoorure:

Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

Onder die huidige inperkingsmaatreëls bly ons plaaslike kantoor gesluit en ons spanlede werk van hul huise af.

### Skakelbeampte

Lesego Mosiane

079 492 5710

lesego.mosiane@eimsafrica.com